

Protokol vir registrasie van geboortes, DNA-versameling en Geboorte kennisgewings V21.3

13/03/2019, 18/07/2019; 15/03/2020; 5/08/2020, 22/04/2021, 22/07/2021, 21/09/2021

1 Opsommend (alle vorms op web by www.wagyu.org.za Resource / vorms beskikbaar)

- Die Wagyu konstitusie vereis dat vir stoetdiere, kalwers se DNA vir die Vader en Moeder geverifieer moet word, d.w.s albei ouers se DNA moet getoets word. Vir CWB diere (kommersieel) moet alle kalwers se DNA getoets word vir die Vader.
- Oorplaatjie in oor binne drie maande van geboorte. Neem terselfde tyd DNA monster en stuur dadelik met kalf registrasie vorm, asook DNA vorm 780 na kantoor
- Alle diere MOET op die genootskap databasis binne ses maande volgens konstitusie geregistreer wees.
- Neem speengewig van elke dier om en by 200 dae (6 maande).
- Voor afset na 'n voerkraal en/of slagpale MOET 'n "transfer" vorm korrek voltooi word en na beide die kantoor asook die voerkraal en/of slagpale gestuur word.

Tag Video https://www.youtube.com/watch?v=IOBlg_sLdLo

https://www.neogen.com/globalassets/pdfs/procedures/official_igenity-tissue-collection-instructions_sample-collection.pdf

Die Gesertifiseerde Wagyu Beef (CWB) Kombo-oorplaatjies bevat 'n Bestuur- oorplaatjie, Radio- oorplaatjie (RFID) en Weefsel monster-eenheid (TSU) asook 'n haarkaart

2 Bestel jou Certified Wagyu Beef (CWB) oorplaatjies

- Bestel jou CWB-kombinasie oorplaatjie van die kantoor ten minste drie maande voor kalwing.
- Jy sal ook 'n tang, en 'n aparte DNA-tang moet bestel
- Maak ook seker dat u 'n Excel lys ("Tag Bucket File") van die kantoor aanvra. Die "Tag Bucket File" is die lys van "Radio Frequency Identification Device (RFID)" elektroniese oorplaatjie nommers soos deur ICAR goed gekeur is.
- Die " tag bucket file " is 'n Excel-lêer wat die Elektroniese-nommers bevat wat u met registrasie van u kalwers sal gebruik om die identifikasienommer van die kalf met die elektroniese (elektroniese) nommer te koppel (sien registrasie van kalwers by punt 6 hieronder)



Dien u monsters en toepaslike vorms by die Wagyu kantoor in. WSA sal jou DNA TSU's stoor en die haar monsters aanstuur na jou laboratorium van keuse vir ouerskap. Monsters sal met behulp van die 50K SNP, vir SNP toetse gestuur word so gou as beskikbaar

	A
1	NumeroCarton;NumeroBoite;EID Number
2	1;1;982 126 053 678 535
3	1;1;982 126 053 678 536
4	1;1;982 126 053 678 537
5	1;1;982 126 053 678 538
6	1;1;982 126 053 678 539

WAGYU SOUTH AFRICA / CERTIFIED WAGYU BEEF

3 By geboorte, weeg die kalf binne 48 uur

- Die geboortegewig moet binne 24 tot 48 uur aangeteken word. Baie produsente sal 'n klein sakboek gebruik om die ID, Ma se ID en die geboortegewig aan te teken.
- 'n "trek" skaal kan by 'n diere farmaseutiese maatskappy verkry word



4 Pas die elektroniese (RFID) en bestuur oorplaatjie toe nadat die kalf gebore is (Moet binne drie maande plaasvind).

- Sit die bestuur oorplaatjie in die oor van die kalf na geboorte (wanneer die kalf droog is). Kalwers moet minstens een maand na die geboorte met 'n oorplaatjie gemerk word (jy mag aanvanklik 'n klein metaal plaatjie insit en dit twee tot drie weke later vervang).
- Plaas die elektroniese-oorplaatjie in die **LINKER**-oor en die Bestuur oorplaatjie in die **REGTER** oor
<http://www.allflexsa.com/products/visual-tags/visual-cattle-tags/>
- Merk die oorplaatjie met jou kudde kenmerk (**byvoorbeeld ABC**), Geboortejaar en 'n opeenvolgende nommer, byvoorbeeld **ABC18/1**. Ons noem dit die kalf se Identifikasie nommer (ID). Jy wil dalk die ma se ID en pa se ID op die oorplaatjie byvoeg.
- As die bestuur's oorplaatjie verlore gaan, kontak die kantoor en hulle sal teen 'n klein koste reël dat 'n nuwe oorplaatjie met dieselfde RFID nommer uitgereik word. Indien die RFID verlore gaan, sit beide 'n nuwe RFID asook bestuur's oorplaatjie in oor en laat weet die kantoor die nuwe nommer.



5 Neem terselfde tyd 'n DNA-weefsel monster vir 'n DNA SNP-toets, en 'n haar monster vir ouerskap (moet binne drie maande van geboorte plaasvind)

- Die Wagyu konstitusie vereis dat vir stoetdiere, kalwers se DNA vir die Vader en Moeder geverifieer moet word, d.w.s albei ouers se DNA moet getoets word. Vir CWB diere (kommersieel) moet alle kalwers se DNA getoets word vir die Vader.
- Neem beide 'n haar monster en 'n TSU. Die TSU is die voorkeur metode om DNS-monsters te verkry omdat dit maklik is om te gebruik, goeie kwaliteit DNS verkry en die monsters hergebruik kan word. **Maak seker dat die buisie weefsel het en behoorlik verseël is.**
- Instruksies vir die neem van 'n weefsel monster word in die onderstaande skakels gegee:
<http://wagyu.org.za/wp-content/uploads/2018/07/TSU-Applicator-Instructions-for-Use-27June13.pdf>
- Neem 'n **potlood dikte** haar monster van die stert en sit in 'n haar kaart met die dier se ID duidelik gemerk (**ABC190001**). **Maak seker jy het die wortels.**

https://www.neogen.com/globalassets/pdfs/procedures/official_igenity-tissue-collection-instructions_sample-collection.pdf

WAGYU SOUTH AFRICA / CERTIFIED WAGYU BEEF

6 Stuur jou kalf registrasie sowel as die DNA versoek vorm (epos) en koerier die DNA monsters.

Vul die DNA en ouerskap vorms in (Alle vorms is op <http://wagyu.org.za/forms-reports/>) en epos dit aan genootskap. Koerier die DNA monsters na die genootskap. **Postnet Suite 12, P/bag X7003, Langenhoven Park, 9301.** Gebruik die verwysing "WAGYU" op die pakkie en die Wagyu selfoonnommer +27 61 408 4123 en kantoor epos adres office@wagyu.org.za.

Let wel:

- Voltooi geboorte registrasies (MS Excel)
 - **Neem kennis: Voltooi beide die kalf se identifikasie nommer (kolom K) sowel as die elektroniese nommer (kolom AA); gebruik die "Copy" en Paste" van die "Tag bucket" leër (Punt 2 hierbo).**
 - **Neem kennis: Kolom B:** Registrasie status) **R** = Stoet register; **C**= kommersiële slag register (CWB); **B** = Basis koei
 - **Neem kennis: Kolom E** geslag (**M** = manlik **F** = vroulik, **S**= "Steer" d.w.s. gekastreerde dier wat outomaties na die kommersiële register opgeneem word.
- DNA Wagyu Laboratorium Bestel vorm (Eng request vorm) (PDF) sowel as die 780 Excel versoekvorm waar u die diere lys wat getoets moet word.
 - Let op Kolom F **MIP** (Mikrosatelliete) is die ou metode wat gebruik word om 'n ouerskap toets in Suid-Afrika te doen
 - Let op Kolom F **SNP** is die nuwe metode wat gebruik word om 'n ouerskap toets in Suid-Afrika te doen. Kontak die kantoor.
 - Let op Kolom G **PV** beteken ouer of Vader verifieer.

Addisionele notas

- Indien stoet, vul jou parings lys vroegetydig in (nie nodig vir CWB/kommersiële). Vir reproduksie besonderhede, word 'n parings lys van koeie en die bul ingevul indien jou dek seisoen een keer per jaar is. **Baie belangrik is die besonderhede van die koei wat nie dragtig is.** Die vorm is op die webblad (mating list). Vorm word " WSA-Mating-list-and-Days-to-Calving" genoem
- U het **AGT** maande vanaf geboortedatum om u geboortes, **GRATIS** te laat opneem, **of u sal vir 'n laat registrasiefooi aanspreeklik wees** (alle fooie is BTW uitgesluit)
- As jy meer as 80 diere het, sal dit waarskynlik makliker wees om 'n kuddebestuursprogram te gebruik wat versoenbaar is met die genootskap stelsel i.p.v. 'n Excel spreitabel te gebruik.

7 Hertoetse

- Daar is tye wat die laboratorium, na vele probeer slae, nie 'n resultaat kry nie
- Produsente sal weer monsters na die kantoor moet stuur.
 - Stuur jou haarmonsters
 - Stuur weer die DNA 780 vorm asook Laboratorium versoek vorm
 - **Neem kennis; kolom E = Retest = Yes**
 - Die laboratorium sal u weer vir n hertoets fooi indien daar slegs reeds n resultaat is waarmee jy nie saamstem nie.

WAGYU SOUTH AFRICA / CERTIFIED WAGYU BEEF

8 Bykomende hulpbronne

1. Vorms wat vir bogenoemde aksies benodig word (<http://wagyu.org.za/forms-reports/>)

- Birth-Registration-form & Geboorte Registrasies (MS Excel)
- Wagyu Geootskap Lab-versoekvorm (PDF)
- CSV_DNA_780_Template_Wagyu (MS Excel)
- WSA-Mating-list-and-Days-to-Calving-Ver18.1 (MS Excel)

2. Bykomende hulpbronne

<http://wagyu.org.za/forms-reports/>


https://www.neogen.com/globalassets/pdfs/procedures/official_igenity-tissue-collection-instructions_sample-collection.pdf

<https://www.teagasc.ie/publications/2017/teagasc-calf-rearing-manual.php>

<https://www.teagasc.ie/media/website/publications/2017/Section7-Routine-calf-management-practices.pdf>

<https://www.drovers.com/article/spring-calving-herd-things-do-now>

<https://www.agresearch.co.nz/genomnz/cattle-genotyping/>

Subject:	Protokol vir Registrasies van geboorte, DNA-versameling		
Approved by:	WSA Breed Improvement	Revision:	21.3
Signature:		Previous revision	22 Julie 2021
		Revision Date:	21 September 2021